


**Deur President Thomas S. Monson**

# Gehoorsaamheid Bring Seëninge

*'n Kennis van waarhede en die antwoorde op ons belangrikste vrae kom na ons, soos wat ons gehoorsaam is aan die gebooie van God.*

My geliefde broers en susters, hoe dankbaar is ek om hierdie oggend saam met julle te wees. Ek soek 'n belang in julle geloof en gebede, soos wat ek reaggeer op die voorreg om julle aan te spreek.

Deur al die eeue het mans en vrouens, vir kennis gesoek en vir insig aangaande hierdie aardse bestaan en hulle plek en doel daarin, asook vir die weg na vrede en geluk. So 'n soektog word ook deur elkeen van ons onderneem.

Hierdie kennis en verstandhouding is aan die hele mensdom beskikbaar. Hulle word in ewige waarhede bevat. In Leer en Verbonde afdeeling 1, vers 39, lees ons, "Want sien, en kyk, die Here is God en die waarheid bly vir ewig en altyd."

Die digter het geskryf:

*Alhoewel die hemele vergaan en*
*die aarde se fonteine bars,*
*Sal waarheid, die omtrek van alle*
*bestaan, die ergste oorleef,*
*ewiglik, onverandert, altyd.*[1]

Sommige sal vra, "Waar kan sulke waarhede gevind word, en hoe sal ons dit erken?" In 'n openbaring wat deur die Profeet Joseph Smith in Kirtland, Ohio in Mei 1833 gegee is, het die Here verklaar:

"Waarheid is kennis van dinge soos hulle is, en soos hulle gewees het, en soos hulle sal wees. . . .

"Die Gees van die waarheid is van God. . . .

"En niemand ontvang 'n volheid nie, tensy hy Sy gebooie onderhou.

"Hy wat [God se] gebooie onderhou, ontvang waarheid en lig, totdat hy in waarheid verheerlik word en alle dinge ken."[2]

Wat 'n glorieryke belofte! "Hy wat [God se] gebooie onderhou, ontvang waarheid en lig, totdat hy in waarheid verheerlik word en alle dinge ken."

Daar is geen rede hoekom ek of jy, in hierdie tyd van verligting, waarin die volheid van die evangelie gerestoureer is, op onbekende seë moet syl of ongemerkte paaie moet volg, in ons soeke na waarheid nie. 'n Liefdevolle Hemelse Vader het ons koers bepaal en 'n onveilbare gids verskaf—selfs *gehoorsaamheid.* 'n Kennis van waarheid en die antwoorde op ons belangrikste vrae, sal na ons kom soos wat ons gehoorsaam is aan die gebooie van God.

Ons leer gehoorsaamheid, regdeur ons lewens. Dit begin wanneer ons baie jonk is, diegene wie verantwoordelik is vir ons sorg, stel riglynne en reëls in, om ons veiligheid te verseker. Die lewe sal vir elkeen van ons eenvoudiger wees, indien ons sulke reëls ten volle gehoorsaam. Baie van ons, leer egter deur ondervinding, die wysheid van gehoorsaamheid.

Terwyl ek groot geword het, het my familie elke somer van vroeg in Julie tot vroeg in September, by ons huisie in Vivian Park in Provo Kloof in Utah gaan bly.

Een van my beste vriende gedurende daardie sorgvrye dae in die kloof, was Danny Larsen, wie se familie ook 'n huisie in Vivian Park besit het. Elke dag het ek en hy hierdie seuns paradys verken, ons het in die stroompie en die rivier visgevang, klippe en ander skatte bymekaar gemaak, berg geklim en eenvoudig elke minuut van elke uur van elke dag geniet.

Een oggend het ek en Danny besluit dat ons daardie aand, saam met al ons vriende van die kloof, 'n kampvuur wil hou. Ons moes net 'n area in 'n nabye veld, van alle gras skoon maak, sodat ons almal bymekaar kan kom. Die Junie gras wat die veld bedek het, was droog en prikkelrig, wat die veld ongeskik gemaak het vir ons doel. Ons het begin om

die lang grass uit te trek, met die doel om 'n groot sirkelvormige area skoon te maak. Ons het met al ons mag gepluk en getrek, maar ons kon slegs klein handjievol hardkoppige onkruid op 'n slag uittrek. Ons het besef dat hierdie taak die hele dag sou neem, en ons energie en entusiasme was reeds besig om te kwyn.

En toe het, wat ek gedink het, die perfekte oplossing in my agt jarige verstand opgeduik. Ek het aan Danny gesê, "Al wat ons moet doen is om hierdie onkruid aan die brand te steek. Ons sal 'n sirkel in die onkruid *brand*!" Hy het onmiddelik met my saamgestem, en ek het na ons huisie gehardloop om 'n paar vuurhoutjies te gaan haal.

Net ingeval enige van julle dink dat ons op die jong ouderdom van agt toegelaat is om vuurhoutjies te gebruik, laat ek dit duidelik stel dat beide Danny en ek verbied was om hulle sonder volwasse toesig te gebruik. Ons is beide herhaaldelik gewaarsku teen die gevare van vuur. Tog het ek geweet waar my familie die vuurhoutjies gebêre het, en ons moes daardie veld skoon maak. Sonder 'n verdere gedagte, het ek na ons huisie gehardloop en 'n paar vuurhoutjies gegryp, en seker gemaak dat niemand my dophou nie. Ek het hulle gou in een van my sakke weggesteek.

En na Danny terug gehardloop, opgewonde omdat ek die oplossing tot ons probleme in my sak gehad het. Ek onthou dat ek gedink het dat die vuur slegs sover sal brand as wat ons wil hê dit moet brand en dat dit vanself op wonderbaarlike wyse sal dood gaan.

Ek het die vuurhoutjie op 'n klip getrek en die droë Junie gras aan die brand gesteek. Dit het vlam gevat asof dit in petrol geweek is. Ek en Danny was eers opgewonde om te sien hoe die onkruid verdwyn, maar dit het gou duidelik geword dat die vuur, nie van plan was om op sy eie dood te gaan nie. Ons het paniekerig geword, soos wat ons besef het dat ons niks kon doen om dit te stop nie. Die woedende vlamme het die wilde gras teen die berg begin opvolg, wat al die denne bome en alle ander dinge in hulle pad begin bedreig het.

Ons het uiteindelik geen ander opsie gehad as om vir hulp te gaan soek nie. Binnekort het alle beskikbare mans en vrouens van Vivian Park begin om met nat sakke heen en weer te hardloop, in 'n poging om die vlamme dood te slaan. Na verskeie ure is die laaste smeulende kole geblus. Die ou denne bome is gered, asook die huise wat uiteindelik deur die vlamme bereik sou word.

Danny en ek het daardie dag verskeie moeilike maar belangrike lesse geleer—die belangrikste hiervan, was hoe belangrik gehoorsaamheid is.

Daar is reëls en wette om te help om ons fisiese veiligheid te verseker. Soortgelyk, het die Here ook riglynne en gebooie verskaf om te help om ons geestelike veiligheid te verseker, sodat ons hierdie dikwels gevaarlike aardse bestaan, suksesvol kan navigeer en uiteindelik na ons Hemelse Vader kan terug keer.

Eeue gelede, het Samuel aan 'n generasie wat diere offerandes streng gevolg het, verklaar, "Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme."[3]

In hierdie dispensasie het die Here aan die Profeet Joseph Smith geopenbaar dat Hy "die hart en 'n gewillige gees [vereis];en die gewilliges en gehoorsames sal van die goedheid van die land van Sion in die laaste dae eet."[4]

Alle profete, van beide antieke en moderne tye het geweet dat gehoorsaamheid noodsaaklik is vir ons saligheid. Nefi het verklaar, "Ek sal heengaan en die dinge doen wat die Here gebied het."[5] Alhoewel andere in hul geloof en gehoorsaamheid gestruikel het, het Nefi nooit opgehou om die dinge te doen wat die Here van hom gevra het nie. Ontelbare geslagte is as gevolg hiervan geseën.

'n Siel-roerende verhaal van gehoorsaamheid is dié van Abraham en Isak. Hoe pynlik moes dit nie vir Abraham gewees het nie, om in gehoorsaamheid aan God se bevel, sy geliefde Isak na die land van Moria te neem om hom as 'n slagoffer aan te bied. Kan ons die swaarheid van Abraham se hart verbeel, soos wat hy na daardie bepaalde plek gereis het? Angstigheid moes sekerlik sy hele liggaam aangegryp het en sy verstand gemartel het, soos wat hy Isak vasgebind het en hom op die altaar neergelê het, en die mes geneem het om hom dood te maak. Met onwrikbare geloof en onverskrokke vertroue in die Here, het hy op die Here se bevel gereaggeer. Hoe wonderlik was die verklaring, en hoe welkom die woorde: "Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie."[6]

Abraham is beproef en getoets en vir sy gelowigheid en gehoorsaamheid, het die Here aan hom hierdie wonderlike belofte gegee: "In jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister het."[7]

Alhoewel ons nie gevra word om ons gehoorsaamheid op so 'n dramatiese en hart verskeurende wyse te bewys nie, word gehoorsaamheid nog steeds van ons vereis.

President Joseph F. Smith het in Oktober 1873, verklaar, "Gehoorsaamheid is die eerste wet van die hemele."[8]

President Gordon B. Hinckley het gesê, "Die geluk van die Heiliges van die Laaste Dae, die vrede van die Heiliges van die Laaste Dae, die voorspoedigheid van die Heiliges van die Laaste Dae en die ewige saligheid en verheerliking van hierdie mense lê daarin, dat hulle in gehoorsaamheid aan die raad van . . .God, wandel."[9]

Gehoorsaamheid is die kenmerk van profete; dit het deur die eeue al aan hulle krag en kennis verskaf. Dit is noodsaaklik dat ons besef dat ons ook geregtig is op hierdie bron van krag en kennis. Dit is vandag

aan elkeen van ons maklik beskikbaar, soos wat ons God se gebooie gehoorsaam.

Deur die jare, het ek ontelbare individue geken wie verskriklik gelowig en gehoorsaam was. Ek is deur hulle geseën en aangemoedig. Mag ek met julle 'n verhaal deel van twee sulke individue.

Walter Krause was 'n standvastige lid van die Kerk wie, saam met sy familie, in wat toe, na die Tweede Wêreld Oorlog, as Oos Duitsland bekend geword het, gewoon. Ten spyte van die teenspoed wat hulle ondervind het, as gevolg van die tekort aan vryheid wat hulle in daardie tyd en in daardie area van die wêreld ondervind het, was Broer Krause steeds 'n man wie die Here lief gehad het en gedien het. Hy het met geloof en toewyding elke taak wat hy gegee is, voltooi.

Die ander man, Johann Denndorfer, 'n inwoner van Hongarye, is in Duitsland tot die Kerk bekeer en is in 1911 op die ouderdom van 17 gedoop. Hy het kort daarna na Hongarye teruggekeer. Na die Tweede Wêreld Oorlog het hy homself feitlik as 'n gevangene in sy eie land bevind, in die stad van Debrecen. Die mense van Hongarye is ook hul vryheid ontneem.

Broer Walter Krause, wie Broer Denndorfer nie eens geken het nie, het die opdrag ontvang om sý huis besoeker te word en om hom op 'n gereelde basis te besoek. Broer Krause het sy huis besoek metgesel geskakel en aan hom gesê, "Ons het 'n opdrag ontvang om Broer Johann Denndorfer te besoek. Sal jy beskikbaar wees om hierdie week saam met my te gaan om aan hom 'n evangeliese boodskap te bring?" Hy het toe bygevoeg, "Broer Denndorfer woon in Hongarye."

Sy geskokte metgestel het gevra, "Wanneer sal ons vertrek?"

"Môre," het Broer Krause geantwoord.

"Wanneer sal ons terug keer?" het die metgesel gevra.

Broer Krause het geantwoord, "O, in omtrent 'n week—indien ons *wel* terug keer."

En so het die twee huis besoekers vertrek om Broer Denndorfer te gaan besoek, hulle het per trein en bus vanaf die noord oos area van Duitsland na Debrecen, Hongarye gereis—'n baie lang reistog. Broer Denndorfer het geen huis besoekers gehad sedert voor die oorlog nie. Nou, toe hy hierdie diensknegte van die Here gesien het, is hy met dankbaarheid vir hulle koms, oorval. Hy het eers geweier om hulle hande te skud. Hy het eers na sy slaapkamer gegaan en daar uit 'n klein kassie 'n boks gaan haal waarin hy sy tiende vir baie jare lank, weggebêre het. Hy het sy tiende aan sy huis besoekers oorhandig en toe gesê, "Nou is ek op datum met die Here. *Nou* voel ek waardig om die hande van die diensknegte van die Here die skud!" Broer Krause het my later vertel dat hy nie in woorde kon uitdruk hoe hy aangeraak is deur hierdie gelowige broer, wie vir baie jare geen kontak met die Kerk gehad het nie, wie só gehoorsaam en getrou 10 persent van sy sy skrale inkomste weggebêre het om sy tiende te kon betaal. Hy het dit gespaar sonder om te weet of hy ooit die voorreg sal hê om dit oor te betaal nie.

Broer Walter Krause is nege jaar gelede, op die ouderdom van 94 oorlede. Hy het getrou en gehoorsaam deur sy hele lewe gedien, en was 'n inspirasie vir my en almal wat hom geken het. Wanneer hy gevra is om 'n taak te doen, het hy dit nooit bevraagteken nie, hy het nooit gemurmureer nie en hy het nooit verskonings gemaak nie.

My broers en susters, die groot toets van hierdie lewe is gehoorsaamheid. ". . .[O]ns sal hulle hiermee beproef," het die Here gesê, "om te sien of hulle al die dinge sal doen wat die Here hulle God hulle ook al mag beveel."[10]

Die Verlosser het verklaar, "Want almal wat uit my hande 'n seëning wil ontvang, moet hulle onderwerp aan die wet wat bepaal is vir daardie seëning, en by die voorwaardes daarvan, soos ingestel voor die grondlegging van die wêreld."[11]

Daar bestaan geen groter voorbeeld van gehoorsaamheid, as ons Verlosser nie. Paulus het van Hom gesê:

"Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het;

"En nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword."[12]

Die Verlosser het opregte liefde aan God getoon, deur 'n perfekte lewe te lei en deur Sy heilige sending te eer. Hy was nooit hoogmoedig nie. Hy was nooit opgepof met trots nie. Hy was nooit ontrou nie. Hy was altyd nederig. Hy was altyd opreg. Hy was altyd gehoorsaam.

Alhoewel Hy deur daardie meester van bedrog, selfs die duiwel, versoek is, alhoewel Hy fisies swak was na 40 dae en 40 nagte se vas, tog het Jesus nie ingegee toe die bose een die mees aanloklikste versoekinge aangebied het nie, Hy het aan ons 'n goddelike voorbeeld van gehoorsaamheid gegee, deur te weier om weg te draai van dit wat Hy geweet het reg was.[13]

Toe Hy met die leiding van Getsémane gekonfronteer is, waar Hy sulke pyn moes verduur, dat "sy sweet soos bloeddruppels was wat op die grond val,"[14] was Hy steeds 'n voorbeeld van die gehoorsame Seun, deur te sê, "Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied."[15]

Soos wat die Verlosser Sy vroë Apostels beveel het, beveel Hy ook vir jou en vir my, "Volg julle my."[16] Is ons gewillig om gehoorsaam te wees?

Die kennis waarna ons soek, die antwoorde waarna ons smag en die krag wat ons vandag begeer, om die uitdagings van 'n komplekse en veranderende wêreld te oorkom, kan ons s'n wees, wanneer ons gewilliglik die Here se gebooie gehoorsaam. Ek

haal weereens die Here se woorde aan: "Hy wat [God se] gebooie onderhou, ontvang waarheid en lig, totdat hy in waarheid verheerlik word en alle dinge ken."[17]

Dit is my nederige gebed, dat ons met die rykke belonings geseën sal word wat aan die gehoorsames belowe word. In die naam van Jesus Christus, ons Heer en Verlosser, amen.

**NOTAS**

1. "O Sê, Wat Is Waarheid?" *Gesange,* no. 272.
2. Leer en Verbonde 93:24, 26–28.
3. 1 Samuel 15:22.
4. Leer en Verbonde 64:34.
5. 1 Nefi 3:7.
6. Génesis 22:12.
7. Génesis 22:18.
8. Joseph F. Smith, "Redevoering," *Deseret Nuus,* Nov. 12, 1873, 644.
9. Gordon B. Hinckley, "Indien Julle Gewillig en Gehoorsaam Sou Wees," *Ensign,* Des. 1971, 125.
10. Abraham 3:25.
11. Leer en Verbonde 132:5.
12. Hebreërs 5:8–9.
13. Sien Matthéüs 4:1–11.
14. Lukas 22:44.
15. Lukas 22:42.
16. Johannes 21:22.
17. Leer en Verbonde 93:28.

# Leringe van Ons Tyd

Melgisédekse Priesterskap en Vroue Vereniging lesse op die vierde sondag sal aan "Leringe van Ons Tyd" toegewy word. Elke les kan voorberei word vanuit een of meer praatjies wat in die mees onlangse algemene konferensie gegee is (sien kaart hier onder aan). Ring en distrik presidente mag kies watter praatjies gebruik moet word, of hulle kan hierdie verantwoordelikheid aan die biskoppe en tak presidente oordra. Leiers moet beklemtoon hoe waardevol dit is om Melgisédekse Priesterskap broers en Vroue Vereniging susters te hê, wat dieselfde praatjies op dieselfde Sondag bestudeer.

Diegene wie die vierde-Sondag lesse bywoon, word aangemoedig om die nuutste uitgawe van die onlangse algemene konferensie tydskrif te studeer en saam klas toe te bring.

**Voorstelle vir die Voorbereiding van 'n Les vanuit 'n Praatjie**

Bid dat die Heilige Gees saam met jou sal wees, terwyl jy die praatjie(s) studeer en leer. Jy mag dalk in die versoeking gelei word om die les voor te berei deur ander materiale te gebruik, maar die konferensie praatjies is die goedgekeurde kurrikulum. Jou opdrag is om andere te help om die evangelie te leer en uit te leef, soos wat in die mees onlangste algemene konferensie van die Kerk onderig is.

Hersien die praatjie(s), kyk uit vir beginsels en leerstellinge waarby klas lede die meeste sal baat vind. Kyk ook vir stories, skrif verwysings en verklarings van uit die praatjie(s), wat jou kan help om hierdie waarhede aan ander te leer.


Maak 'n uitlegging van hoe om hierdie beginsels en leerstellinge te leer. Oorweeg om vrae in te sluit wat klas lede sal help:

- Om beginsels en leerstellinge in die praatjie(s) te erken.
- Om oor hulle betekenis na te dink.
- Om insigte, ideës, ondervindinge en getuienisse te deel.
- Om hierdie beginsels en leerstellinge in hulle lewens toe te pas.

| MAANDELIKSE LESSE WORD GELEER | VIERDE-SONDAG LES MATERIAAL |
|---|---|
| April 2013–Oktober 2013 | Praatjies wat in die April 2013 algemene konferensie gegee is* |
| Oktober 2013–April 2014 | Praatjies wat in die Oktober 2013 algemene konferensie gegee is* |

** Vir die vierde-Sondag lesse in April en Oktober, mag praatjie(s) uit die vorige konferensie of die mees onlangste een gekies word. Die praatjies is in baie tale beskikbaar by conference.lds.org.*

© 2013 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/12. Vertalings goedkeuring: 6/12.
Vertaling van *First Presidency Message, May 2013.* Afrikaans. 10665 501



**Deur President Henry B. Eyring**
Eerste Kansilier in die Eerste Presidentskap

# "Kom na My Toe"

*Deur Sy woorde en Sy voorbeeld, het Christus aan ons gewys hoe om nader aan Hom te kom.*

Ek is dankbaar om saam met julle in hierdie konferensie van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae te wees. Hierdie is Sy Kerk. Ons neem Sy naam op ons wanneer ons Sy koninkryk intree. Hy is God, die Skepper en is perfek. Ons is sterflik en onderhewig aan dood en sonde. Tog in Sy liefde vir ons en ons families, nooi Hy ons uit om nader aan Hom te kom. Hier is Sy woorde: "Kom nader na my en Ek sal nader kom na julle; soek my ywerig en julle sal My vind; vra, en julle sal ontvang; klop vir julle sal oopgemaak word."[1]

Tydens hierdie Paas seisoen word ons daaraan herinner hoekom ons Hom so lief het en van Sy belofte wat Hy aan Sy getroue dissipels maak, om Sy geliefde vriende te word. Die Verlosser het daardie belofte gemaak en Hy vertel ons hoe Hy, in ons diens aan Hom, na ons toe kom. Een voorbeeld is in 'n openbaring aan Oliver Cowdery, terwyl hy die Here saam met die Profeet Joseph Smith gedien het, tydens die vertaling van die Boek van Mormon: "Kyk, Jy is Oliver, en Ek het met jou gespreek vanweë jou begeertes; bewaar dus hierdie woorde in jou hart. Wees getrou en ywerig in die onderhouding van die gebooie van God en Ek sal jou omvou in die arms van my liefde."[2]

Ek ondervind die vreugde wat kom wanneer ek nader aan die Verlosser kom en wanneer Hy nader aan my kom, meer dikwels, deur eenvoudige dade van gehoorsaamheid aan die gebooie.

Jy het ook al sulke ondervindinge gehad. Dit mag dalk gewees het, toe jy gekies het om 'n nagmaal diens by te woon. Dit was vir my op 'n Sabbat dag, toe ek nog baie jonk was. In daardie dae het ons die nagmaal, gedurende die aand diens ontvang. Die herinnering van een dag meer as 65 jaar gelede, toe ek besluit het om die gebod te onderhou, om saam met my familie en ander Heiliges bymekaar te vergader, trek my steeds nader aan my Verlosser.

Dit was donker en koud buite. Maar ek onthou dat ek daardie aand warm en lig gevoel het in die kapel saam met my ouers. Ons het die nagmaal geneem wat deur die Ääroniese Priesterskap houers bedien is, ons het met ons Hemelse Vader 'n verbond gemaak om Sy Seun altyd te onthou en om Sy gebooie te onderhou.

Aan die einde van die diens het ons die gesang "Bly by My; Dis Amper Nag," gesing met die woorde "O Verlosser, bly hierdie nag by my."[3]

Ek het die Verlosser se liefde en nabyheid daardie aand gevoel. En ek het die vertroosting van die Heilige Gees gevoel.

Ek wou weereens daardie gevoel van die liefde van die Verlosser en Sy nabyheid voel wat ek in daardie nagmaal diens van my jeug ondervind het. So ek het onlangs nog 'n gebod onderhou. Ek het die geskrifte ondersoek. In hulle het ek geweet dat ek die Heilige Gees kon toelaat om my te laat voel wat twee dissipels van die opgestaande Here gevoel het, toe Hy hulle uitnodiging aanvaar het om in hulle huis in te gaan en om daar saam met hulle te bly.

Ek het aangaande die derde dag na Sy Kruisiging en begrafnis, gelees. Gelowige vroue en andere het gevind dat die klip voor die grafkelder weg gerol is en dat Sy liggaam nie meer daar was nie. Hulle het vanweë hulle liefde vir Hom gekom, om Sy liggaam te salf.

Twee engele het daar gestaan en gevra hoekom hulle bevrees was, en gesê:

"Waarom soek julle die Lewende by die dooies?"

"Hy is nie hier nie, maar Hy het opgestaan. Onthou hoe Hy vir julle gesê het toe Hy nog in Galiléa was:

"Die Seun van die mens moet oorgelewer word in die hande van sondige mense en gekruisig word en op die derde dag opstaan."[4]

Die Evangelie van Markus voeg die instruksie van een van die engele by: "Maar gaan sê vir sy dissipels en vir Petrus dat Hy voor julle uit gaan na Galiléa. Daar sal julle Hom sien soos Hy vir julle gesê het."[5]

Die Apostels en dissipels het in Jerusalem bymekaar gekom. Soos ons ook sou gewees het, was hulle bevrees en het hulle gewonder terwyl hulle saam gepraat het oor die berugte van Sy dood en van Sy opstanding en wat dit vir hulle beteken het.

Twee van die dissipels het daardie middag vanaf Jerusalem geloop op die pad na Émmaüs. Die opgestaande Christus het op die pad aan hulle verskyn en het saam met hulle geloop. Die Here het na hulle gekom.

Die boek van Lukas laat ons toe om saam met hulle te loop:

"En terwyl hulle praat en mekaar ondervra, kom Jesus self nader en loop met hulle saam.

"Maar hulle oë is weerhou, sodat hulle Hom nie kon herken nie.

"En Hy sê vir hulle: Watter woorde is dit wat julle met mekaar loop en wissel, en waarom is julle bedroef?

"En die een wie se naam Kléopas was, antwoord en sê vir Hom: Is U alleen 'n vreemdeling in Jerusalem en weet U nie van die dinge wat in hierdie dae daarin gebeur het nie?"[6]

Hulle het Hom van hulle hartseer vertel dat Jesus gesterf het, terwyl hulle vertrou het dat Hy die Verlosser van Israel sou wees.

Daar moes toegeneentheid in die opgestaande Heer se stem gewees het, terwyl Hy met hierdie twee hartseer en treurende dissipels gepraat het:

"En Hy sê vir hulle: O onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het!

"Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlikheid ingaan nie?

"En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het."[7]

Dan kom 'n oomblik wat my hart, vandat ek 'n jong seun was, opgewarm het:

"Daarop kom hulle naby die dorp waarheen hulle op reis was, en Hy het gemaak of Hy verder wou gaan;

"maar hulle het by Hom aangedring en gesê: Bly by ons, want dit is amper aand en die dag het gedaal; En Hy het ingegaan om by hulle te bly."[8]

Die Verlosser het daardie nag die uitnodiging aanvaar om by die huis van Sy dissipels in te gaan in die dorpie van Émmaüs.

Hy het saam met hulle geëet. Hy het brood geneem, dit geseën, dit gebreek, en dit aan hulle gegee. Hulle oë is geopen sodat hulle Hom kon erken. En toe het Hy voor hulle oë verdwyn. Lukas het die gevoelens van daardie geseënde dissipels neergeskryf: "En hulle sê vir mekaar: Was ons hart nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?"[9]

Daardie selfde uur het die twee dissipels terug gejaag na Jerusalem toe om aan die elf Apostels te vertel wat met hulle gebeur het. In daardie oomblik het die Verlosser weer verskyn.

Hy het die profesië hersien, van Sy missie om vir al die sondes van al Sy Vader se kinders te versoen, en om die bande van die dood te verbreek.

"En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan,

"En bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder.

"En julle is getuies van hierdie dinge."[10]

Die Verlosser se woorde is vir ons ook waar, net soos wat dit toe vir Sy dissipels waar was. Ons is getuies van hierdie dinge. En die glorieryke plig wat ons aanvaar het toe ons in Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae in gedoop is, is aan ons op eenvoudige wyse uitgelê, deur die profeet Alma eeue gelede by die waters van Mormon:

"En dit het gebeur dat hy aan hulle gesê het: Kyk, hier is die waters van Mormon (want so is hulle genoem) en nou, aangesien julle begerig is om in die kudde van God te kom, en om sy volk genoem te word, en gewillig is om mekaar se laste te dra, sodat hulle lig mag wees;

"Ja, en gewillig is om te treur met diegene wat treur; ja, en diegene te troos wat vertroosting nodig het, en om te staan as getuies van God te alle tye en in alle dinge, en op alle plekke waar julle mag wees, selfs tot die dood toe, sodat julle verlos mag word deur God, en gereken word onder diegene van die eerste opstanding, dat julle die ewige lewe mag hê—

"Nou sê ek aan julle, as dit die begeerte van julle harte is, wat het julle daarteen om gedoop te word in die naam van die Here, as 'n getuie voor Hom dat julle 'n verbond aangegaan het met Hom, dat julle Hom sal dien en sy gebooie sal onderhou, dat Hy sy Gees meer oorvloedig op julle mag uitstort?

"En nou toe die volk hierdie woorde gehoor het, het hulle hul hande geklap van vreugde, en uitgeroep: Dit is die begeerte van ons harte."[11]

Ons is onder 'n verbond om beide diegene op te hef wie in nood is, asook om 'n getuie van die Verlosser te wees, vir so lank as wat ons lewe.

Ons sal dit slegs kan doen soos wat ons liefde vir die Verlosser voel en Sy liefde vir ons aanvoel. Soos wat ons getrou is aan die beloftes wat ons gemaak het, sal ons ons liefde vir Hom aanvoel. Dit sal vermeerder, omdat ons Sy krag sal voel en sal voel hoe Hy nader aan ons kom, terwyl ons in Sy diens is.

President Thomas S. Monson het ons al dikwels aan die beloftes wat die Here aan Sy getroue dissipels gemaak het, herinner: "En elkeen wat julle ontvang, Ek sal ook daar wees, want Ek sal voor julle aangesig uitgaan. Ek sal aan julle linkerhand en aan julle regterhand wees, en my Gees sal in julle harte wees, en my engele rondom julle om julle op te beur."[12]

Daar is nog 'n manier hoe ek en jy kan voel hoe Hy nader aan ons kom. Soos wat ons toegewyde diens aan Hom lewer, kom Hy nader aan diegene vir wie ons lief is in ons families. Elke keer wat ek gevra is, om in die diens van die Here, te trek of om my gesin te verlaat, het ek al gesien hoe die Here besig was om my vrou en kinders te seën. Hy het Sy liefdevolle diensknegte en geleenthede voorberei, om my gesin nader aan Hom te bring.

Julle het ook al daardie selfde seëning in julle lewens ondervind. Baie van julle het dalk geliefdes wat van die pad na die ewige lewe, af weggedwaal het. Jy wonder wat meer kan jy doen om hulle terug te bring. Jy kan op die Here staatmaak dat Hy nader aan hulle sal kom, soos wat jy Hom in geloof dien.

Julle onthou die Here se belofte aan Joseph Smith en Sidney Rigdon, toe hulle op Sy opdrag, vêr van hulle families af was: "[M]y vriende Sidney en Joseph, met julle gesinne gaan dit goed; hulle is in my hande, en Ek sal met hulle maak na my goeddunke want in My lê alle krag."[13]

Soos Alma en Koning Mosia, dien sommige ouers die Here baie goed en vir baie jare lank, tog het hulle kinders wie weg gedwaal het, ten spyte van hulle ouers se opofferinge vir die Here. Hulle het alles gedoen, wat hulle kon, selfs met die hulp van liefdevolle en getroue vriende, sonder enige sigbare verandering.

Alma en die Heiliges van sy dag het vir sy seun en die seuns van Koning Mosia gebid. 'n Engel het gekom. Jou gebede en die gebede van diegene wie hulle geloof uitoefen, sal die Here se diensknegte lei om jou familie lede te help. Hulle sal hulle help om die weg terug huistoe na God te kan kies, selfs terwyl hulle besig is om deur Satan en sy volgelinge aangeval te word, wie se doel dit is om families in hierdie lewe en in die ewigheid te vernietig.

Julle onthou die woorde wat deur die engel, aan Alma die Jongere en die seuns van Mosia in hulle rebellie gespreek is: "En weer, [het] die engel gesê: Kyk, die Here het die gebede van sy volk gehoor, en ook die gebede van sy dienskneg, Alma, wat jou vader is; want hy het gebid met baie geloof aangaande jou dat jy tot die kennis van die waarheid [gebring mag word]; daarom, vir hierdie doel het ek gekom om jou te oortuig van die krag en gesag van God, dat die gebede van sy knegte verhoor mag word volgens hulle geloof."[14]

My belofte aan diegene wat bid en die Here dien, is nie dat julle elke seëning wat julle vir julself of julle gesin wil hê sal ontvang nie. Maar ek kan julle belowe dat die Verlosser nader aan julle sal kom en vir jou en jou familie sal seën met dit wat die beste sal wees. Jy sal die vertroosting van Sy liefde hê en sal voel hoe Hy nader aan jou kom, soos wat jy jou arms in diens aan andere uitstrek. Soos wat jy die wonde van diegene in nood verbind en die reinigende krag van Sy Versoening aan diegene offer wie in sonde treur, sal die Here se krag jou ondersteun. Sy arms word saam met jou arms uitgestrek om die kinders van ons Hemelse Vader te seën en te versorg, insluitende diegene in jou eie familie.

Daar is 'n glorieryke tuiskoms vir ons voorberei. Ons sal dan die vervulling van die beloftes van die Here vir wie ons lief is sien. Dit is Hy wat ons welkom heet in die ewige lewe saam met Hom en ons Hemelse Vader. Jesus Christus het dit op hierdie wyse beskryf:

"Soek daarna om My Sion uit te bring en op te rig. Onderhou my gebooie in alle dinge.

"En as jy my gebooie onderhou en tot die einde toe volhard, sal jy die ewige lewe hê, welke gawe die grootste van al die gawes van God is."[15]

"Want hulle wat lewe, sal die aarde beërwe, en hulle wat sterwe, sal van al hulle arbeid rus, en hulle werke sal hulle volg; en hulle sal 'n kroon ontvang in die wonings van my Vader, wat Ek vir hulle berei het."[16]

Ek getuig dat ons deur die Gees, Hemelse Vader se uitnodiging kan volg: "Dit is My Geliefde Seun. Luister na Hom!"[17]

Deur Sy woorde en Sy voorbeeld het Christus ons gewys hoe om nader aan Hom te kom. Elke kind van Hemelse Vader wie gekies het om deur die hek van die doop in Sy Kerk in te kom, sal die geleentheid hê om in hierdie lewe Sy evangelie geleer te word en om deur Sy aangestelde diensknegte Sy uitnodiging te hoor, "Kom na My toe."[18]

Elkeen van Sy verbonds diensknegte, binne Sy koninkryk hier op die aarde en in die geestes wêreld, sal Sy leiding deur die Gees ontvang, soos wat hulle andere in Sy naam dien en seën. En hulle sal Sy liefde aanvoel en vreugde vind soos wat hulle nader na Hom toe getrek word.

Ek is 'n getuie van die Opstanding van die Here so waarlik asof ek daardie aand saam met die twee dissipels in die huis op die pad na Émmaüs was. Ek weet dat Hy lewe so waarlik soos wat Joseph Smith dit geweet het toe Hy die Vader en die Seun in die lig van 'n helder oggend in 'n woud in Palmyra gesien het.

Hierdie is die ware Kerk van Jesus Christus. Slegs in die priesterskap sleutels wat deur President Thomas S. Monson gehou word, is die krag vir ons om as families verseël te word, om vir ewig saam met ons Hemelse Vader en die Here Jesus Christus te lewe. Ons sal op die Oordeels Dag aangesig tot aangesig voor die Verlosser staan. Dit sal 'n tyd van vreugde wees vir diegene wie deur hulle diens aan Hom in hierdie lewe, nader aan Hom gekom het. Dit sal 'n blye oomblik wees om die woorde te hoor: "Mooi so, goeie en getroue dienskneg."[19] Ek getuig só as 'n getuie van die opgestaande Verlosser en ons Heiland in die naam van Jesus Christus, amen.

**NOTAS**


1. Leer en Verbonde 88:63.
2. Leer en Verbonde 6:20.
3. "Bly by My; 'Hierdie Nag," *Gesang,* no. 165.
4. Lukas 24:5–7.
5. Markus 16:7.
6. Lukas 24:15–18.
7. Lukas 24:25–27.
8. Lukas 24:28–29.
9. Lukas 24:32.
10. Lukas 24:46–48.
11. Mosia 18:8–11.
12. Leer en Verbonde 84:88.
13. Leer en Verbonde 100:1.
14. Mosia 27:14.
15. Leer en Verbonde 14:6–7.
16. Leer en Verbonde 59:2.
17. Joseph Smith—Geskiedenis 1:17.
18. Matthéüs 11:28.
19. Matthéüs 25:21.


© 2013 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/12. Vertalings goedkeuring: 6/12.
Vertaling van *Visiting Teaching Message, May 2013*. Afrikaans. 10665 501